A GENTLE INVASION
deur AUKE DE VRIES

Pretoriase Kunsmuseum
19 Augustus tot 14 November 2010

Die aantrekkingskrag van die beeldhouwerke van Auke de Vries is geleë in hul digterlikheid en ligtheid, die ewewig van hul konstruksie wat dikwels aan 'n waagstuk grens en hul verrassende vorms en fatsoene. Die abstrakte konstruksies bestaan uit geometriese vorms wat lyk of hulle sweef: lyne, keëls, kubusse, silinders en vlakke.

Hy doen deeglike navorsing, dikwels vir maande en jare, en ondersoek die fisiese omstandighede waar die kunswerke opgerig gaan word: die ligte en klanke, die verkeersvloei, die verwantskap tussen die argitektuur, natuur en ruimte, die uitsig en afstand, en ook die geskiedkundige ontwikkeling van die beboude of natuurlike ruimte.

Oor die afgelope drie dekades het hy homself die opdrag gegee om ruimtelike, natuurlike, stedelike en argitektoniese situasies te analiseer; van die Seine in Parys met sy eilande, strome en naasliggende parke; tot die roetes in Istanboel wat hy gery en geloop het; en die gewaarwordings van water, lig, beweging en argitektuur in Venisië.

Auke de Vries lees die wiskundige, organiese en sensuele taal van die argitektuur waar sy kunswerke geïnstalleer gaan word: hulle kan dus gesien word as die digterlike idees wat hy ontwikkel het uit die narratiewe potensiaal van die argitektuur.

Die Pretoriase Kunsmuseum is op die hoek van Schoeman- en Wesselsstraat, Arcadia Hierdie projek word deur die Nederlandse Ambassade en die Mondriaan Stigting ondersteun.